

Inhoud Hierdie preek wys hoe God se goedheid ons ons sonde laat herken en bely as sonde. Deur ons nie te straf vir ons sonde, maar ons sonde as sonde te openbaar en vir ons goed te bly, skep God in ons 'n gees sonder bedrog. 'n Gees wat nie in sonde kan volhard nie, maar dit as sonde herken en bely. Bekering in Christene se lewe is nie hoe hulle God goed stem nie, maar net hoe hulle ophou om in sonde te volhard.

Skriflesing 2 Sam. 11: 25, 12: 1 – 14; Ps. 32

Teks 2 Samuel 12: 13 “Ek het gesondig teen die Here.”

Tema Bekering is hoe ons ophou om in sonde te volhard

1. Dawid volhard is sonde!

Dawid begeer 'n vrou, vind uit sy is getroud, daag haar om na die paleis te kom, verkrag haar en stuur haar huis toe. Toe sy swanger is, probeer hy haar man die vaderskap van sy kind laat aanvaar. Toe Urija se geloof en liefde vir God dit nie toelaat nie, probeer hy sy geloof en liefde ondergrawe deur hom dronk te maak. Toe hierdie verleiding nie werk nie, reël Dawid met die hoof van die leer om met 'n staatsgeorganiseerde komplot Urija en van sy makkers te vermoor. Na hierdie moord trou Dawid met Batseba om sy egbreuk en moord te verduister.

Só volhard Dawid in sonde deur sonde met nog sondes te regverdig! Die gevolge van sy sonde dig hy aan God toe met die tipiese goddelose opvatting: God laat dinge maar nou gebeur soos dit gebeur. Niks is verkeerd nie.

2. Natan is Dawid se persoonlike predikant.

Natan nader Dawid met 'n verhaal wat veronderstel dit is 'n regte geval waar die skuldiges vir die koning verswyg word. Dawid is só eiegeregtig en eiemagtig in sy mag as koning dat hy nie sy eie sonde kan raaksien, net soos die Here dit uitwys met die woorde: “haal eers die balk uit jou eie oog, dan sal jy die splinter in jou broer se oog kan raaksien.”

Natan gee Dawid die geleentheid om sonde as sonde in 'n ander man te kan herken.

Hy vertel van 'n arm man wat nie kan boer met vee nie en daarom net een ooilam gekoop het om as troeteldier te koester het wat uit sy bord eet, uit sy beker drink en op sy skoot soos 'n kind slaap. 'n Ryk man wat geld maak met veeboerdery wil homself as gasheer vertoon maar in sy gierigheid en brutaliteit vat hy, slag hy en trakteer hy sy gaste met die troeteldier van die arm man.

In 'n ander mens se sonde kon Dawid onmiddellik die sonde herken: eiemagtigheid, eiegeregtigheid wat deur gierigheid geen erbarming, meegevoel en medemenslikheid vir mense oor het nie. Dit terwyl Dawid blind is vir sy eie sonde waarin hy volhard met die gelate geloof: alles gebeur maar soos dit gebeur!

3. Natan stel Dawid voor sy eie sonde, wat hy vir homself en ander ontken het, met Dawid se herkenning van sy sonde in 'n ander. Natan wys Dawid dat hy die liefde tussen Batseba en Urija geminag het vir een aand se lustigheid wat hy probeer verduister het, eers deur Urija in sy geloof en toewyding te probeer korrup maak het en toe met moord.

Dawid het sy sondes só gewil, só bedoel, só berekend beplan en só gewetenloos uitgevoer! Sonder enige skuldgevoelens of innerlike wroeging, bemagtig met sy eiegeregtigheid.

Toe Dawid in die ryk man se sonde homself herken doen hy vir die eerste keer 'n sondebelydenis: "Ek het teen die Here gesondig."

Die ingrypende verandering in Dawid se selfinsig sien 'n mens teenoor sy magsverklaring oor sy sonde aan die boodskapper van Joab: "hierdie voorval moet jy nie as iets verkeerds beskou nie. Die swaard verteer immers nou só en dan weer só." Bedoelende dit is nou maar soos God die dinge laat gebeur. Teenoor sy magshouding dat God sy sonde laat gebeur soos dit gebeur, bely Dawid nou sy sonde as sy oortreding teenoor God, (Ps. 32:10, sy minagting van God 2 Sam.12: 90 en sy bespotting van God. (2 Sam. 12: 14)

Ons moet die gelowige karakter van Dawid se sondebelydenis hier ontdek!

Dawid doen dit in die geloof dat God sy sonde nie sal straf nie. Dit is hoe Dawid dit self verwoord in Ps. 32. "Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Gelukkig is die mens vir wie die Here sondeskuld nie toereken nie, in wie se gees geen bedrog is nie"

Dit is hoe Dawid God as Here van sy verbond ken: jy kan sonder bedrog in jou gees uit vrees vir straf en verwerping binne sy liefde jou oortreding bely as sonde wat jy gewil, bedoel, beplan en uitgevoer het. Ons mag dit nooit só sien dat God Dawid vergewe omdat hy sy sonde bely nie. Dawid bely sy sonde juis omdat hy God ken as die Here wat sy sonde nie toereken en straf nie, maar bedek. Daarom hoef Dawid nie meer self sy sonde te probeer bedek deur aan te hou volhard asof dit nie sonde is en só nog meer te sondig nie.

4. Seker van God se vergifnis en dat God hom nie straf nie kan Dawid sonder bedrog in sy gees, sy sonde bely.

Dawid wys self in Ps. 32 hoe sy gees vol bedrog was: hy het stil gebly oor sy sonde! Doelbewus, berekend het hy net ontken sy sonde is sonde om in sy sonde voort te leef asof dit sy liefde, sy eer, sy krag, sy mag, sy geluk en die sin van sy lewe is. Hy het stil gebly om sy sonde goed te leef: "Moet nie die voorval as iets verkeerds beskou nie. Dit is nou maar net soos God dinge laat gebeur."

Dit is net soos kleuters hul wangedra. Voor jou, terwyl jy vir hulle sê wat om nie te doen nie, verdring hulle jou teenwoordigheid in hulle gemoed met stilte, deur jou net te ignoreer en in jou teenwoordigheid te doen wat jy hulle verbied. Met stilte skep hulle 'n eie binne-wêreld waar jy nie bestaan nie, in jou teenwoordigheid.

Wat het God met Dawid gedoen in sy stilte? Dawid bely dat God se hand dag en nag swaar op hom was. Hoe? Nie deur woede, grimmigheid, om te veroordeel, te straf, te verwerp en sy liefde te onttrek nie.

God se swaar hand was sy getrouheid aan Homself om God te wees soos Hy God vir Dawid in sy verbondstrou is. In sy volhardende sonde en daarna het die Here hom geseën met die oorwinning oor die Arameërs en die Ammoniete.

Wat Dawid se lewenskrag laat verdwyn het, was sy gees vol bedrog: sy poging om die leuen te leef dat sonde nie sonde is nie. Dit het hom in sonde laat volhard en daarom is hy self die perd en muil gewees wie se krag om in sonde te volhard met 'n stang bewing moes word.

Dawid kon ook nie God met sy stilswe die liefdelose en afwesige God maak wie Dawid hom wou laat wees nie. God het die sonde wat net vir Dawid 'n geheim was in die volle son van God se openbaring as sonde in die hele gemeenskap openbaar. God laat sonde sonde wees al maak Dawid dit sy eer, sy trots, sy liefde en sy geluk.

Dit was God se swaar hand op Dawid.

5. God se swaar hand op Dawid was nie straf of verwerping nie.

Daarom mag ons ook nooit die aankondiging van die onheil wat oor Dawid se huis kom, as God se straf op sy sonde sien nie. Dit is die aankondiging van die onheil wat Dawid self oor sy huis gebring het. Soos hy by Urija se vrou geslaap het, sal in sy eie huis gebeur, en dit is hoe Dawid se seun Amnon by sy halfsuster Tamar geslaap het en sy seun Absalom sy pa se vrouens as sy eie gevat het. Net soos Dawid geweld gebruik het om Urija dood te maak, sal geweld nou deel van Dawid se koningshuis wees, soos Absalom sy broer Amnon dood gemaak het en probeer het om Dawid in 'n staatsgreep dood te maak.

Ons mag nooit die gevolge van ons sonde voorhou as God se straf op ons sonde nie. Dit is soos om as ouer vir 'n seuntjie te sê hy moenie sy hand op die warm plaat sit nie want hy sal brand, en as hy dit moedswillig nogtans doen, is die blase op sy hande nie sy ouer se straf vir sy sonde nie. Dit is net die gevolge daarvan. Die straf vir sy sonde is brandboude, nie blase op sy hande nie.

Dawid het met sy magsvergryp om sy sy amp en gesag as koning te misbruik vir sy sonde, sy kinders in hulle sonde bemagtig om sy voorbeeld te volg. Hierdie is die gevolge van sy sonde, nie God se straf nie.

Dawid se sondebelydenis: "Ek het teen die Here gesondig", is bekering van sonde. Dit staan lynreg teenoor sy volharding in sonde deur sy sonde in God e Naam te regverdig: "Die voorval is nie verkeerd nie. Dit is hoe dit maar laat gebeur." Bekering is hoe ons onthou om aan te hou om in sonde te volhard.

6. Hoekom kom Dawid tot bekering en wat bewerk sy bekering?

Dawid se bekering was nooit om God se woede, straf, vervloeking en oordeel te probeer ontkom nie. In en deur sy volharding in sy sonde was hy steeds in God se

liefde en het God bly seën. Dawid se bekering is ook nie hoe hy 'n kind van God sou geword het nie. In 2 Sam. 7 word hy as kind van God deel van die Messiaanse belofte en hy doen en volhard in sy sonde as kind van God. Dawid se bekering is ook nie die begin van sy persoonlike verhouding met God, so asof hy in sonde volhard het omdat hy nie 'n persoonlike verhouding met God gehad het nie. Sy geloof in God was hoe hy van sy geveg met Goliath geleef het. Voor hierdie sonde het hy Ps. 23 geskryf wat alles wat 'n persoonlike verhouding met God is verwoord tot vandag toe nog.

Bekering van sonde is nie hoe 'n mens God gunstig stem teenoor jou nie, 'n kind van God word nie of 'n persoonlike verhouding met God begin nie. Dit is hoe jy stop om in jou sonde te volhard. Stop omdat God jou nie toelaat om aan te hou volhard in jou sonde nie.

Dit is hoe ons ons van ons sonde bekeer!

In en met 'n gees sonde bedrog soos Dawid dit bely in Ps. 32. Juis omdat God my liefhet en bly seën, God my sy kind laat bly in en deur my sonde, en nie straf, oordeel of vervloek vir my sonde nie, kan ek met 'n gees sonder bedrog my sonde bely. Sonder die bedrog dat ek dit bely om nie gestraf te word, God goed te maak of om myself nou voor te hou as iemand wat in sonde volhard het omdat ek nie 'n kind van god of 'n persoonlike verhouding met God gehad het nie.

Bekering is hoe ons die sonde wat ons as ons liefde, ons mag, ons krag, ons geluk en voorspoed geglo het as sonde teenoor God bely. En dit doen ek om op te hou om in my sonde te volhard.

7. Kom ons toets Dawid se bekering van sonde met dit wat vandag as bekering in kerke gepreek word!

Vandag word gepreek dat wanneer jy in 'n sonde volhard soos Dawid, van begeer, tot egbreuk en moord, dan is dit om dat jy nog nie 'n kind van God is nie. Só skep die kerke dan 'n gees vol bedrog waarin kinders van God moet glo, hul volhard in sonde omdat hulle nie vir Jesus ken nie, nog nie 'n ontmoeting met god gehad het, nie die Here in hulle lewe het of nog nie wedergebore is nie.

Hierdie gees vol bedrog word nog groter omdat jy dan moet maak asof jy in sonde volhard het omdat jy nie deel van God se liefde, genade, barmhartigheid, seën en goedheid was nie.

Hierdie geestelike bedrog word nog groter omdat jy dan moet voorhou dat God jou straf, veroordeel en verwerp en jy só voor God moet verskyn en ook moet glo dat die gevolge van jou sonde is God se straf om jou tot bekering te bring. So word bekering van sonde die geestelike bedrieglikheid dat jy bekeer om 'n kind van God te word, gered te word, wedergebore te word, God se straf te ontduik, God se liefde te kry en 'n persoonlike verhouding met God te begin.

Dawid het sonder hierdie valsheid in sy gees (Ps. 32: 2) sy sonde bely om op te hou volhard in sy sonde.

Net dit!

Nie om nie gestraf te word, nie die gevolge van sy sonde te hoef te dra, nie om gered, kind van God en wedergebore te word nie, en nie om God se liefde en guns te kry nie. Gelowiges bekeer hulle van hul sonde om op te hou om in sonde te volhard.

Wie met hierdie valsheid in sy gees sy sonde bely, maak God die rede vir sy volharding in sonde asof God se liefde nog nie deel van sy lewe was nie. Ons bely ons sonde sonder verskoning om op te hou om in sonde te volhard.